

Die skeppingsverbond (OP123)

Gen 1:26-31, 2:15-25

2 April 2023

Tot dusver het ons uit Gen 1 en 2 geleer dat God se oorkoepelende doel met die skepping is dat die aarde gevul sal wees met Sy heerlikheid. Vir hierdie doel het God alles geskep uit niks. Ons het gesien hoe daar vordering in God se skepping is van niks tot 'n woeste, leë, donker en met water bedekte aarde in Gen 1:2, daarna tot 'n aarde wat gereed en georden is om lewe te ontvang na die eerste drie skeppingsdae, en gedurende die laaste drie skeppingsdae vul God hierdie skepping met die son, maan en sterre, asook met verskeie lewensvorme: die voëls in die lug, die seediere in die see, die landdiere op die droë grond, asook die mens. Al hierdie lewensvorme moet vermeerder en hulle onderskeie dele van die skepping vul. Boonop is die mens na God se beeld geskape, en ontvang verskeie opdragte. As elkeen van hierdie lewensvorme hulle verantwoordelikhede getrou nakom, sal die aarde gevul wees met lewe tot God se eer, en so sal die aarde gevul wees met God se heerlikheid. Uit Gen 2 se beskrywing van die tuin van Eden wat God as Verbondsgod aangeplant het as 'n woonplek vir die mens, het ons geleer dat hierdie tuin 'n eerste tempel was wat baie ooreenkomste getoon het met veral die Heilige in die latere tabernakel. Adam en Eva sou kon verwag om na die Allerheiligste aan te beweeg as hulle getrou gehoorsaam al God se opdragte volledig voltooi het. Laasweek het ons geleer dat God na die ses skeppingsdae op die sewende dag gerus het van Sy skeppingswerk omdat dit klaar was. Dit beteken nie God was sedertdien onaktief nie, nee Hy werk steeds aan Sy verlossingswerk. Hy het die sewende dag ook geseën en dit geheilig as 'n gereelde rusdag vir ons as mense. Op hierdie dag mag ons rus van ons skeppingsopdragte, en besin oor die komende ewige rus wanneer ons ons skeppingsopdragte afgehandel het. In hierdie ewige rus sal ons ons verlustig in God se verlossingswerk en Hom vereer deur 'n nuwe lied te sing.

Vandag wil ek stilstaan by die feit dat ons in Gen 1 en 2 'n eerste verbondsluiting het tussen God en die mens. Daar word na hierdie verbond verwys as die sogenaamde skeppingsverbond. Dit is so dat dit van tyd tot tyd bevestig word of ons werklik in hierdie gedeeltes van 'n verbondsluiting lees – immers is dit so dat die term “verbond” nooit hier genoem word nie. As jy aan ander verbonde dink, soos die verbond met Abraham of die Sinaiverbond of selfs die nuwe verbond, dan word dit telkens pertinent genoem dat God die verbond opgerig het. Maar dit is nie hier die geval nie. Wel, daar is verskeie redes hoekom ek nogtans oortuig is dat ons wel hier 'n verbondsluiting het. Hier is die redes:

- Ons het 'n paar weke gelede al gesien dat vanaf Gen 2:4 en verder is dit die Here God wat aan die werk is (vergelyk dit met Gen 1 waar dit God is wat aan die werk is). Ons het gesien “Here God” is in Hebreeus “Jahwe Elohim”, en “Jahwe” in die Bybel verwys juis na God as die Verbondsgod. Soos ons sal sien fokus Gen 2 baie sterk juis op God as Verbondsgod se handelinge met die mens. Ons sou dus nie verbaas wees as die Verbondsgod juis 'n verbond sou oprig nie.
- In Hos 6:7 lees ons: “Maar hulle het die verbond oortree soos in Adam, daar was hulle ontrou aan My”. Dit is hoe die 2020 DAV dit vertaal – uit hierdie vertaling lyk dit of Adam na 'n plek verwys. Die OAV vertaal dit egter met: “Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel”. Uit hierdie vertaling lyk dit egter of die verwysing eerder na Adam as persoon verwys. Dit is ook hoe die ESV dit vertaal. Palmer Robertson skryf hieroor en redeneer dit is baie meer waarskynlik dat dit na Adam as mens of as verteenwoordiger van die mensdom verwys as na 'n plek met die naam Adam, omdat dit nie bekend is dat daar by die plek Adam so 'n verbondsoortreding plaasgevind het as wat

hier beskryf word nie. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat dit verwys na Adam wat God se verbond oortree het – en dan beteken dit tog dat daardie verbond voor die sondeval gesluit moes word.

- Boonop is dit so dat ons in Gen 1 en 2 al die elemente teenwoordig het wat tipies deel is van 'n verbondsluiting en daarom kan ons dit beskou as 'n verbondsluiting. Palmer Robertson beskryf 'n verbond as 'n “bond-in-blood sovereignly administered”. Wat hy hiermee bedoel is dat 'n verbond in die eerste plek 'n ooreenkoms is, en in die verbonde wat ons na wil kyk in die Bybel, is dit spesifiek 'n ooreenkoms tussen God en die mens. Tweedens, sê hy, so 'n verbond word soewerein deur God geadministreer. Derdens, sê hy, so 'n verbond word met bloed gemaak – wat hy daarmee bedoel is dat dit 'n ooreenkoms is wat handel oor lewe en dood: As die betrokke partye die bepalings van die verbond nakom, eindig dit in lewe. Indien hulle dit nie nakom nie, eindig dit in die dood van die party wat nie die verbond nakom nie.

Kom ons oordink nou wat God in Gen 1 en 2 doen met die mens in die lig van hierdie definisie van 'n verbond, en ek glo dan sal dit duidelik wees dat ons wel hier 'n verbondsluiting het.

Skeppingsverbond is 'n ooreenkoms/verbintenis tussen God en die mens (Gen 1:26-27):

As jy deur Gen 1 en 2 lees is dit duidelik dat God aan die werk is – Hy is die handelende party. Alhoewel dit so is dat ons in hierdie hoofstukke van baie dinge lees wat God gedoen het, is dit ook onmiskenbaar duidelik dat God se handeling met die mens 'n besondere fokus. In Gen 1 word daar meer ruimte gewy aan die skepping van die mens as aan enige van die ander skepsels, en in Gen 2 is die fokus bykans uitsluitlik op God se handeling met die mens: God plant die tuin juis as 'n woonplek vir die mens en God maak juis vir die mens 'n helper sodat hy nie alleen is nie. Boonop, as jy na al die opdragte kyk wat God gee tydens die skepping, is die meeste van die opdragte aan die mens gerig.

Wat dit bo alle twyfel bevestig dat God spesifiek 'n fokus het op die mens, is die feit dat ons in Gen 1:26-27 lees dat God die mens maak na Sy beeld, na Sy afbeelding. Dit is net waar van die mens – net die mens is na God se beeld geskep. Wat beteken dit dat God die mens na Sy beeld geskep het? In Gen 5:3 lees ons: “Toe Adam 130 jaar oud was, het hy 'n seun verwek wat 'n afbeelding van hom was. Hy het hom Set genoem”. Ons verstaan tog wat dit beteken: Set was 'n afbeelding van Adam – Set het soos Adam gelyk. Jy kon na Set kyk en sien hy is Adam se seun. Ons vind dit dikwels dat kinders soos hulle ouers lyk. Dit gaan selfs verder: dikwels tree kinders op soos hulle ouers. Hulle is 'n beeld van hulle ouers.

Wel, iets soortgelyks is nou waar van die mens: Jy behoort na die mens te kan kyk, en iets van God te sien. Jy behoort te kyk na wat die mens doen, en iets te sien van wat God doen. Kom ons dink oor wat ons van God geleer het uit die skeppingsgebeure:

- Ons het gesien hoe God die hemel en die aarde uit niks gemaak het, en hoedat Hy die aanvanklike woeste, leë, donker en met water bedekte aarde georden het tot 'n omgewing waar lewe moontlik was. Duidelik was God in beheer van hierdie hele proses – Hy het geheers oor Sy skepping. Heb 1:3 leer ons dat God steeds deur Sy Seun alles in stand hou. Maar toe God die mens gemaak het, het Hy aan die mens die opdrag gegee om te heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg (Gen 1:26) – die mens moet lyk soos God, deurdat hy optree soos wat God opgetree het. God het geheers, en heers steeds oor die skepping – nou moet die mens as beeld van God ook heers.
- Ons het ook gesien hoe God die aarde begin vul het – met die son, maan en sterre, met die eerste voëls, seediere, landdiere en ook die eerste mense. Maar toe God die mens geskep

het, het God aan die mens die opdrag gegee om te vermeerder en die aarde te vul – die mens moet lyk soos God, deurdat hy optree soos wat God opgetree het. God het begin vul, en die mens moet verder vul

In Ef 4:24 lees ons: “Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is”. Die oproep hier is dat ons die nuwe mens moet aantrek – en hierdie nuwe mens moet in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God wees. Die punt is dit: God is waarlik regverdig en heilig – en ons as mense behoort ook regverdig en heilig te wees – soos God, want ons is na Sy beeld geskep. Ons het gesien God se oorkoepelende doel is dat die aarde gevul sal wees met Sy heerlikheid. As ons regverdig en heilig is soos God en ons vul die aarde – dan sal die aarde gevul wees met God se heerlikheid. Die feit dat die mens na God se beeld geskep is, beteken dat God hom ‘n medewerker gemaak het om hierdie doel te bereik. Ja, die sondeval het geweldige skade gedoen aan die mate waartoe ons God se beeld vertoon, maar juis daarom moet ons die nuwe mens as kleed aantrek. Duidelik is daar ‘n besondere ooreenkoms of verbintenis tussen God en die mens omdat God die mens na Sy beeld geskep het.

Skeppingsverbond word soewerein deur God geadministreer (Gen 1:26-31, 2:15-25)

‘n Tweede vereiste om van ‘n verbond tussen God en die mens te praat, is dat God so ‘n verbond soewerein administreer. Gen 1 en 2 maak baie duidelik dat dit wel die geval is. In Gen 1:26 is dit God wat soewerein besluit om mense te maak. In beide Gen 1 en 2 is dit God wat soewerein besluit wat Hy van die mens verwag (ons sal netnou in detail daarna kyk). In Gen 2 is dit die Here God wat soewerein besluit om die tuin aan te plant vir die mens om in te woon. In Gen 2:18 is dit die Here God wat soewerein besluit dit is nie goed dat die mens alleen is nie, en die Here God besluit soewerein om vir hom ‘n helper as sy gelyke te maak.

In Gen 1 is God die enigste party wat optree. Alles wat gebeur, is God se werk. Dit is net God wat praat – die mens is nie eens eenkeer aan die woord nie. In Gen 2 is daar slegs twee keer wat die mens aan die woord kom: (1) Wanneer die Here God die diere wat Hy gemaak het na die mens bring, en die mens aan hulle name mag gee – maar let op: God het die diere gemaak en hulle na die mens gebring om name te gee – God administreer dit alles! (2) Wanneer die Here God die vrou wat Hy uit Adam se ribbebeen omgebou het na hom toe bring, en Adam in verwondering staan oor sy vrou: “Hierdie een is die keer been uit my gebeente, vlees uit my eie vlees. Hierdie een sal vrou genoem word, want uit die man is sy geneem” – maar let op: Adam het geslaap toe God haar gemaak het – God administreer alles!

Dus: duidelik het ons in die skeppingsgebeure ‘n ooreenkoms tussen God en die mens, en duidelik is God die Een wat alles soewerein administreer. Kom ons kyk nou na wat dit is wat God van die mens verwag.

Skeppingsopdragte aan die mens (Gen 1:26-31, 2:15-25):

God het verskeie skeppingsopdragte aan die mens gegee. In ons bestudering van Gen 1 en 2 tot dusver het ons al reeds by verskeie van hierdie opdragte stilgestaan, en ek gaan hulle nie weer in detail bespreek nie, maar wel net noem. Ek wil die skeppingsopdragte opsom onder die volgende 4 hoofde:

- Die heersersrol van die mens (Gen 1:26, 28, 2:15): Ons het dit alreeds in die verlede bespreek. Ek som dit bloot op: (1) Die mens moet heers oor al die diere en oor God se skepping. Dit sluit ons daaglikse werk in waar ons besig is om te heers oor hierdie wêreld. (2) Die mens moet die tuin bewerk. Die tuin was die eerste tempel en dus ‘n verwysing na

God se koninkryk. Die mens moet God se koninkryk bewerk sodat dit in stand gehou word. Dit sluit byvoorbeeld ons verantwoordelikhede binne die kerk in. (3) Die mens moet die tuin bewaak, d.w.s. die mens moet God se koninkryk bewaak teen aanslae van buite deur die duiwel en die wêreld. (4) Die mens moet die aarde onderwerp, deurdadig die tuin uitgebrei word tot dit die hele aarde oordek. Dit beteken die mens moet werk daaraan dat God se koninkryk sal groei.

- Die onderhouding van die sewende dag as rusdag (Gen 2:3): Ons het laasweek in detail hierna gekyk. Die mens moet ses dae spandeer om God se skeppingsopdragte uit te voer, maar moet dan elke sewende dag rus deur oor God se werk te besin, en in afwagting op die ewige rus wat nog vir hulle voorlê.
- Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde (Gen 1:28, 2:18, 21-24): God verwag van die mens om te vermeerder en die aarde te vul. Om die mens in staat te stel om hieraan te kan voldoen, het God vir die mens 'n helper gemaak, sy gelyke. Hierdie helper vir Adam was natuurlik sy vrou Eva. As deel van die skeppingsgebeure, het God dus die huwelik ingestel wat die mens in staat stel om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul. Uit Gen 2:21-24 leer ons twee belangrike aspekte rakende die huwelik:
 - Eenheid tussen man en vrou: Ons leer dat God Eva gevorm het vanuit Adam se ribbebeen. As Adam haar sien roep hy uit: "Hierdie een is been uit my gebeente en vlees uit my eie vlees". Vers 24 voeg by dat 'n man daarom sy vader en moeder sal verlaat en hom aan sy vrou verbind – en hulle sal een vlees word. 'n Man en sy vrou vorm dus 'n eenheid – hulle tree as 'n eenheid op. Die feit dat hulle 'n eenheid vorm, beteken die verhouding tussen hulle twee is 'n eksklusiewe verhouding – daar is nie ruimte vir 'n derde party nie – hulle twee vorm reeds 'n eenheid. Hulle eenheid onderstreep ook die intimiteit van hulle verhouding – daar is nie nog so 'n naby of intieme verhouding tussen twee mense as tussen 'n man en sy vrou nie. In Mat 19:5-6 vra die Fariseërs vir Jesus of dit toelaatbaar is dat 'n man om enige rede van sy vrou mag skei. Jesus haal dan Jesus Gen 2:24 aan, en voeg by dat wat God saamgevoeg het, moet 'n mens nie skei nie. Die eenheid tussen 'n man en sy vrou duur dus lewenslank.
 - Interne struktuur binne die huwelik: Uit hierdie instelling van die huwelik is dit ook duidelik wat die struktuur binne die huwelik moet wees: die vrou is die helper vir die man. Toe God die diere na die Adam gebring het om vir hulle name te gee, was daar geen helper as gelyke vir Adam gevind nie. Die Here God het toe spesifiek die vrou gemaak, juis met die doel dat sy vir die man 'n helper moet wees – die ESV vertaal dit sy is "a helper fit for him". Die Nuwe Testament gryp ook terug na die feit dat Adam eerste geskep is, en Eva daarna, en gebruik dit om te motiveer die man is die hoof van die vrou in die huwelik. Die vrou is die helper vir die man, nie andersom nie. Dit beteken nie dat die vrou minder belangrik is as die man nie – immers sê Gen 2:18 en 20 sy is sy helper, maar ook sy gelyke. Binne die huwelik moet iemand die verantwoordelikheid neem vir die huwelik – God het daardie verantwoordelikheid aan die man gegee, en die vrou is sy helper. So hou God ook die man verantwoordelik om sy vrou lief te hê, en om selfs sy lewe vir haar af te lê, soos wat Christus vir die kerk doen – nie andersom nie (Ef 5:25). Alhoewel die vrou die helper vir die man is en die man die hoof van die vrou is, is hulle tog ook gelyk. In Gen 1:27 lees ons God het die mens na Sy beeld geskep – manlik en vroulik het Hy hulle geskep. Beide die man en die vrou is na die beeld van God geskep. In Gal 3:28 lees ons "... nie meer manlik en vroulik nie; want julle almal is één in Christus Jesus!". In die hiernamaals is daar boonop nie meer huwelikke nie (Mat 22:30) –

dan sal beide mans en vrouens God verheerlik op gelyke vlak. Die huwelik is 'n skeppingsinstelling waardeur die mens moet vermeerder en die aarde vul – sodat God se doel met die skepping bereik sal word. Dit is binne die huwelik dat die mensdom moet groei, en dit is waar kinders grootgemaak moet word en van die Here moet leer. God het dit so georden dat die man hier die hoof is, en die vrou die helper. Maar wanneer die doel met die huwelik voltooi is, verheerlik beide man en vrou God op dieselfde manier.

Ek glo dit is duidelik hoe ver ons hedendaagse samelewing al weggedryf het van God se skeppingsdoel met die huwelik: baie trou nie maar bly net saam, baie huwelikke eindig in egskeidings, binne huwelikke vervul vrouens die leierskaprol en nie die man nie, en deesdae is wettige huwelikke nie eens meer beperk tot 'n man en sy vrou nie. Mag die Here ons as gelowiges begenadig sodat ons binne ons huwelikke volgens Sy skeppingsverwagtings sal optree, en so as voorbeeld sal dien vir die wêreld.

- Van die boom van kennis van goed en kwaad mag jy nie eet nie (Gen 2:16-17): Daar was nog 'n opdrag wat die Here God aan die mens gegee het as deel van die skeppingsgebeure: Die mens mag van al die bome in die tuin eet, behalwe van die boom van kennis van goed en kwaad. Dit was 'n ernstige opdrag, want ons lees dat as die mens van hierdie boom sou eet, sou hy beslis sterf op die dag wat hy daarvan eet. Palmer Robertson noem hierdie skeppingsopdrag die fokuspunt van die skeppingsverbond – en daar is meriete in om te probeer verstaan hoekom hy dit so noem.

Ons moet onthou daar was baie ander bome waarvan die mens kon eet. Die verbod om nie van hierdie boom te mag eet nie, het dus geen las op die mens geplaas om genoeg te hê om van te lewe nie. Boonop was die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad, goed – in Gen 3:6 lees ons dat Eva gesien het die vrugte van die boom was goed. Voeg hierby: selfs toe hulle van die boom geëet het, het hulle nie siek geword of direk fisies gesterf nie. Die vrugte van die boom was dus nie giftig nie. Hoekom het God dan 'n verbod geplaas op die eet van hierdie boom se vrugte?

Die rede waarom Adam en Eva nie van hierdie boom mag eet nie, was omdat God gesê het hulle mag nie daarvan eet nie. Dit is al rede. Ja, die mens is na God se beeld geskep. Ja, die mens moet heers oor die diere en die aarde. Ja, die mens mag selfs name gee vir die diere en watter naam hy ookal gegee het, dit was die diere se naam. Maar, as God sê hulle mag nie van hierdie boom eet nie, dan mag hulle nie van die boom eet nie. Die mens moet onthou: God is die Skepper, die mens is 'n skepsel. Ja, hy is die skepsel wat na God se beeld geskep is, maar hy is steeds net 'n skepsel. Al lyk die vrugte van die boom hoe goed, as God hom verbied het om daarvan te eet, moet hy gehoorsaam wees – bloot omdat God so gesê het. God se woord bepaal wat toelaatbaar is en wat nie. God verwag gehoorsaamheid van die mens – onvoorwaardelike en gewillige gehoorsaamheid. Wat ookal God sê, moet die mens gehoorsaam. Ons weet Eva, en Adam, het ongelukkig geswig en wel geëet – teen God se woord in.

Lees saam met my Deut 8:1-3. Sien jy vers 1? God verwag van die volk gehoorsaamheid aan al Sy gebooië – sodat hulle kan leef en meer word (Hoor jy? Sodat hulle kan vermeerder en die aarde vul) en in die beloofde land kan ingaan (Hoor jy? Sodat hulle die ewige rus kan ingaan). In vers 3 lees ons dan dat God die volk juis laat honger ly het in die woestyn sodat Hy hulle met manna kon voed sodat hulle kon leer dat die mens nie van brood alleen leef nie, maar wel van elke uitspraak uit die mond van die Here. Die punt is: Adam en Eva, en die

volk in die woestyn, en ons moet leer om gehoorsaam te wees aan elke woord van die Here. Ons moet nie beter wil weet as Hy nie, ons moet gewillig en onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan Sy woord. Dit is 'n skeppingsopdrag. Jesus is hierin vir ons die voorbeeld. In Mat 4 lees ons hoe die duivel hom versoek het in die woestyn onder andere deur vir Hom te sê Hy moet brode uit die klippe maak. Maar Jesus het hom geantwoord: "Van brood alleen sal die mens nie leef nie, maar van elke uitspraak wat uit die mond van God kom." (Mat 4:4).

Die beginsel wat hier ter sprake is, moet ook in die ander skeppingsopdragte toegepas word. As God sê: moenie van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie, wel, moet dan nie daarvan eet nie. As God sê: heers oor die diere en die aarde, wel, heers dan. As God sê: onderwerp die aarde, wel, onderwerp dit dan. As God sê: vermeerder en vul, wel, vermeerder en vul dan. As God sê: Elke sewende dag moet jy rus, rus dan. Onvoorwaardelike, gewillige gehoorsaamheid aan al God se uitsprake – dit is God se verwagting van die mensdom reg van die skepping af.

Ek vertrou dit is duidelik hoekom ons sê ons lees van die sluiting van die skeppingsverbond in Gen 1 en 2. Duidelik is hier 'n spesifieke fokus van God op die mens as die skepsel wat na Sy beeld geskape is en met wie God 'n besondere ooreenkoms of verbintenis sluit. God inisieer, sluit en administreer hierdie ooreenkoms totaal soewerein. Volgens hierdie ooreenkoms het God spesifieke verwagtinge van die mens. As hulle dit nakom, sal hulle lewe. Indien hulle dit nie nakom nie, sal hulle beslis sterwe.

Daar is egter 'n belangrike verskil tussen hierdie verbond en die ander verbonde waarvan ons in die Bybel lees – soos die verbond na die sondeval, of die verbonde met Noag, Abraham, Moses, Dawid en die nuwe verbond. Die verskil is dat die skeppingsverbond 'n werksverbond was, terwyl al die ander verbonde genadeverbonde is. Kom ons vergelyk die skeppingsverbond met die Abrahamverbond om die punt te verduidelik. In die skeppingsverbond het God sekere verwagtinge van die mense: hulle het 'n heersersrol, 'n vermeerder-en-vul rol, hulle moet die sewende dag onderhou en hulle moet in alles onvoorwaardelik en gewillig gehoorsaam wees. Indien hulle dit nie doen nie, sou hulle beslis sterf. Dit is 'n werksverbond – want die mens moet spesifieke werke doen om te bly lewe. Vergelyk dit met die Abrahamverbond. God beloof aan Abraham 'n groot nageslag, die beloofde land en dat Hy vir hulle 'n God sal wees. Dit is 'n genadeverbond – God beloof, en Hy neem die verantwoordelikheid op Homself. In die skeppingsverbond is die verantwoordelikheid by die mens.

Palmer Robertson waarsku egter dat ons nie hierdie terme, werksverbond en genadeverbond, te rigied moet maak nie. Hy sê ons moet onthou in die skeppingsverbond is daar steeds baie genade van God – soos: Hy skep die mens na Sy beeld, Hy plant die tuin aan, Hy gee talle bome om van te eet, Hy maak vir Adam Eva as helper. Netso is daar in die Abrahamverbond ook 'n verwagting van God dat Abraham sekere dinge moet doen: hy moet glo en gehoorsaam wees. Ek glo egter dit is duidelik dat daar 'n verskil in klem is tussen die twee verbonde: die klem in die skeppingsverbond val op die mens se verantwoordelikheid en gehoorsaamheid, terwyl die klem in die Abrahamverbond op God se genadebeloftes val.

Opsomming

Geliefdes, dit bly vir my verstommend om raak te sien wat ons alles leer in die eerste twee hoofstukke van die Bybel. Ons leer hier waar alles vandaan kom. Ons leer waar ons as mense inpas in die ganse skepping – ons is deur God geskep en is in hierdie skepping as Sy beeld. Ons leer ook hier

uit God se skeppingsopdragte wat dit is wat God van ons verwag. Dink vir 'n oomblik hoe omvangryk hierdie opdragte is:

- Ons weet God verwag ons moet heers oor die skepping – dit het verreikende implikasies vir ons daaglikse werk.
- Ons weet God wil dat ons die tuin, oftewel die heiligdom, oftewel Sy koninkryk, moet bewerk en bewaak – dit het verreikende implikasies vir ons diens in die kerk en onder gelowiges.
- Ons weet God wil dat ons die aarde moet onderwerp, oftewel dat die hele aarde tuin gemaak moet word – dit het verreikende implikasies vir ons sendingopdrag.
- Ons weet God wil dat die mensdom moet vermeerder deur die instelling van die huwelik. Ons weet in die huwelik vorm die man en sy vrou 'n eenheid wat intiem en lewenslank is. Ons weet in die huwelik is die man die hoof van die vrou, maar natuurlik is die vrou net soveel na God se beeld geskep as die man – dit het verreikende implikasies vir ons huwelikke.
- Ons weet God wil dat ons een uit sewe dae moet rus, want Hy is op pad na 'n ewige rus waar Sy oorkoepelende doel met die ganse skepping gaan realiseer. God wil nie dat ons dit uit die oog sal verloor nie – dit het verreikende implikasies vir hoe ons oor die lewe dink.
- Ons weet dat God in alles onvoorwaardelike en gewillige gehoorsaamheid van ons verwag – dit het verreikende implikasies vir die gesindheid in ons harte ongeag van watter skeppingsopdrag ons mee besig is.

Dit alles is in Gen 1 en 2. Ek gee toe, ons moet die res van die Skrif se lig laat val op Gen 1 en 2 om dit alles te kan raaksien – maar nog steeds is die wortels van al hierdie dinge in die eerste twee hoofstukke van die Bybel. Dit is hoekom dit so belangrik is om hierdie twee hoofstukke in diepte te bestudeer. Dit is ook hoekom dit so tragies is dat die debat oor Genesis 1 en 2 oorheers word deur debatte oor presies hoe God alles geskep het.